Yes. And far from anything being done behind your back the action committee and other members of your community were shouted from the roof tops? -- Yes because they were told.

COURT: Because they were told what? -- Because they were (30) told by the newspapers that they are going to KwaNdebele.

MR BIZOS:/.....

MR BIZOS: Let us try and split it up. Were there 116 families, or any number of families, which were being told by the authorities during the winter months of 1984 that they had to leave Leandra? -- No I do not know about that.

Well are you suggesting that this whole concern that there was in the newspapers about the removal of this 116 families was a non-existent and artificial happening? -- Yes.

Until the, if my memory serves me correctly because the document is before the interpreter, 22 June when a reprieve is said to have been granted by an official do you know of (10) any official statement, any official statement, denying that there was any attempt to send out 116 families from the community? Do you know, of any public statement by any person in authority? -- No.

COURT: You mean in the fourteen days between the report of the Rand Daily Mail and the report of The Star?

MR BIZOS: Yes, or at any time prior to this, the 22nd.

COURT: Well fourteen days is not a very long period for officials to act.

MR BIZOS: Well My Lord first of all I do not think that (20) issue arose for the first time on the, when the report was made. Anyway throughout those winter months of 1984 you cannot, you did not hear of any official statement or comment on this? -- No.

You did not. Yes well I think that in that respect your evidence is correct. Because there were none you see. -- Yes.

Did your council do anything about these what you call false rumours, did your council do anything about it, did it issue any statement? -- Yes.

COURT: What did you do? -- We went to speak to Mr Jonker (30) in Witbank as a result of the rumours.

Yes/.....

Yes and what else? -- On our return from there we went to the Chief Magistrate.

Yes? -- And then we had some talks with the local administration department.

Yes? -- That let there be nobody who is being removed from there.

But did you inform the community? -- Yes we did.

How? -- We called a meeting.

MR BIZOS: When? -- I do not know when that was but each time we came back from there we would come and report back. (10)

To a public meeting? -- Yes.

Could you give His Lordship some idea when these public meetings were held where these 116 families were given the assurance that they would not have to move, and how much applause there must have been on this assurance? -- Before these problems which arose we used to have mass meetings there.

No.

COURT: Yes now we have got lots of problems. We can have problems burning of houses, we can have problems of 116 families being moved, we can have water problems, electricity problems, there are lots of problems. What problems are you talking of? -- By that I mean prior to the singing in the meeting. (20)

Oh you mean that is the 28th? Of October? -- Yes before that date.

Now counsel would like you to pin it down a bit more certain than before that date. I will take the adjournment now and think about it. That is the date when you reported to the community about the result of your discussions with Mr Jonker and the magistrate. (30)

COURT ADJOURNS FOR TEA.     COURT RESUMES.

IN COGNITO/.....

IN COGNITO WITNESS NO. 20: d.s.s. (Through Interpreter)

FURTHER CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS: Have you thought of the matter that His Lordship asked you to think about? -- I have forgotten what the dates were, I cannot recall that.

You see could you please have a look whether you saw this article in The Sowetan dated 24 May 1984 which shows that it was not a couple of days, one day in June, but it had been going on before. Do you see that? Did you see that article with the picture of a portion of your community? -- No.

You did not see that either. Good. Now tell me if it (10) was so clear that nobody was going to be moved out do you know whether your Chairman made any public statement saying no this is not so, they are just, there is just behind the back talk by the action committee, there is no truth about that at all? -- It can be like that yes.

Well if I were to, was there any decision on your council that your Chairman should say to newspaper people that he has not comment to make about these matters? -- No.

Are you able to admit or deny that there were reports in newspapers quoting the words "No comment" by your Chairman? (20) -- No I do not know about that.

You do not know. Are you able to admit or deny that these "No comment" remarks by your Chairman made publicly and published in newspapers created the perception that the community council may be conniving in the removal of the 115 families? -- No.

Are you able to admit or deny that whatever you may have been doing behind the scenes your lack of public dissociation with the scheme to remove people from your community led to lack of popularity in your community? Lack of popularity (30) of the council in your community? -- I do not know.

Do/.....

Do you agree that during September 1984 a substantial portion of your community thought that your office had come to an end? -- Yes we heard about that.

Yes. And were there calls by the action committee, through Mr Nkabinde and others, that the authorities should call for a re-election? -- Yes I heard about that.

And was it clear the Mr Nkabinde and other members of the action committee wanted the elections in the hope of their standing for election and replacing you as councillors? -- No that I do not know. (10)

Do you not know of any calls for a re-election? -- I heard about that one, that there was such a call for re-election.

Where did you hear it from? -- From the community.

Not officially? -- No.

Did you attend the meetings of the council regularly? During 1984? -- Yes.

You did not miss any? -- No.

Did a letter from the action committee to the council not come to your notice? -- I heard about that one.

Oh. Did not that letter call for a re-election? -- It(20) was an old letter.

It was an old letter. And for that reason you did not take any notice of it? -- Yes.

Now would you agree that insofar as there was a break down of communication between the action committee and the council that at one stage the council was no longer prepared to have joint meetings with the action committee? -- Yes.

When did you decide that you would not have anything further to do with the action committee? -- After these things which appeared in the newspapers like this. (30)

Well did these things start appearing in the newspapers  
in/.....

in about March/April 1984? -- I cannot recall.

And is it correct that the action committee called you to various private and public meetings to which you said that you were not prepared to go? -- I cannot remember.

Was this a formal decision taken by the council not to have any further doings with the action committee or an informal one? -- It was decided at a council meeting.

Yes. Well how long after you had been elected was that decision made? -- It is some time during 1984.

The first half of 1984? -- There were many meetings (10) held, therefore I cannot remember which one.

Many meetings of the council held? -- Yes.

And was a decision that you should not have joint committee meetings and that you should not attend, you as councillor that you should not, let us take it one by one, that you should not take joint committee meetings? -- Do you mean except the very first one which we had with them?

Yes. -- We never met with them again after that meeting.

So there was only one meeting? -- Yes as a committee we met their committee. (20)

And after that, after that meeting was held a decision was taken by the council that the council would not have any more meetings with the action committee? -- Yes.

And was it also decided that councillors should not go to the public meetings, the mass meetings that had been called by the action committee? -- Yes.

And did you and your fellow councillors not attend any of the public meetings of the action committee after this decision was taken on the council? -- I remember of one meeting which I believe was attended by the Chairman of the community(30) council and Councillor Skosana. I was not there. I was not home/.....

home.

So you only heard that your chairman went to one meeting?

-- Yes.

Do you remember when that was? -- No.

Was it shortly before or shortly after the one committee meeting that you had together? -- It was quite some time after we had a committee meeting with them.

Yes. Do you agree that invitations were sent to the councillors from time to time to attend public meetings of the action committee? -- No. (10)

Do you recall whether any letters which were sent by the action committee were not brought, that it was said that they were not brought to the council meeting by your Chairman? -- No I cannot recall that.

Do you not remember whether, do you remember whether one of your councillors took exception to the fact that your Chairman was not bringing correspondence to your committee meetings, to your council meetings? -- No.

I want to deal with the meeting of the 28th.

COURT: Of October? (20)

MR BIZOS: Of October 1984. The, were the police there whilst the young people were whispering in the ears of those coming towards the meeting place? -- It is before their arrival.

And whilst the police, after the police arrived did the young people continue telling approaching people who came to the meeting? -- Yes you could even see their hands indicating (as demonstrated by the witness) that they must not come in. (The witness demonstrates).

Yes, waving them away? -- Yes.

And did some people respond and some people not respond (30) to this waving away? -- Yes.

And/.....



And did they do anything else other than this waving when the police came? -- No except that they were still holding these things of theirs, and singing.

And you told us that the hall was less than half full. Did the young people who were singing, the young people who were singing, take their seats or not? -- They took seats, yes.

Yes. And did they, were they among the people who were welcomed to the meeting and did they take part in a prayer? -- No at that stage they were still outside.

Oh, does the meeting not start with a prayer? -- Yes (10) it does.

Yes. But, yes. Could you tell us how many there were, more or less, of these young people? -- Between thirty and forty.

What happened to their placards, do you know? -- I saw some being taken by the police from them.

Yes. This was before the meeting started? -- Yes.

COURT: Were they taken forcibly or not? -- No the policeman would just say "Bring here" and then it was handed over.

MR BIZOS: You told His Lordship that this group of people, (20) when the meeting was closed apparently as a result of their singing left the way they had come in? -- Yes, while singing.

Yes. There was no disorder of any sort in the hall other than the singing? -- No.

Nobody forced anybody to go through the windows and nobody jumped through windows? -- Oh no, now I remember that when they saw the police they jumped through the windows.

Do you mean to say that the police came into the meeting? -- No, no. When they saw this thing, that is the thing of the police, what do you call it again? (30)

COURT: The police have got many things. -- The Hippo, this is/.....

is what the children call a Hippo.

MR BIZOS: The police also call it that. So you say, but was this before the meeting started? -- What happened is this, the police were outside there in the vehicle. The thickset one came out of the vehicle with a gun. When he came out they might have thought that he was coming for them, as a result of which one of them jumped through a window.

Oh I see. Because an armed policeman approached the meeting? -- No he did not come into the meeting.

No he got out of the Hippo and he walked towards the (10) door of the hall? -- Towards the gate.

COURT: Did he enter the premises? -- Yes not very far in.

MR BIZOS: Anyway you say there was only one person that jumped out of the vehicle? -- That I saw, yes.

The rest of the group walked out in the ordinary way although the police were visibly there? -- Yes. Can you recall whether you saw Mr Nkabinde inside the meeting or not or whether he was outside? -- He was inside seated amongst them.

I see. Because I am going to put to you that although (20) Mr Nkabinde was there he was only outside and he did not come inside? -- He was inside.

Thank you My Lord.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Toe u Raad in 1984 besluit het om nie meer te skakel met die Action Committee nie, wat was die motivering daarvoor? -- Dit was omdat die Action Committee vir die gemeenskap daar gesê het dat ons is die persone wat sê die mense moet na Kwa-Ndebele toe gaan.

HOF : Weet u waar het die voorsitter gebly? -- Ja.

As 'n mens by die saal staan, in watter rigting het hy (30) gebly? -- In die westelike rigting.

RE-CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : How far is the chairman's house from the hall? -- It is quite a distance. I am not able to say how many metres.

Is this hall situated - on what part of the township is this hall situated? On the south, east, west, north? -- Coming from our town, then the hall is in the direction on your left.

NO FURTHER QUESTIONS.

- - - - -

MNR. HANEKOM : Die volgende getuie is adjudant-offisier Cornelius Johannes Jenkins.

HOF : En waaroor gaan die getuie praat? (10)

MNR. HANEKOM : Oor Tumahole.

MR BIZOS : We were told that here were no other witnesses. The person that really has been given us instructions in relation to Tumahole on that basis left. I am hoping that we would be able to deal with it.

COURT : It may well be that his evidence-in-chief runs into the luncheon adjournment and it is Friday.

CORNELIUS JOHANNES JENKINS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidstak(20) en gestasioneer te Sasolburg? -- Dit is reg.

Op Sondag, 15 Julie 1984 gedurende die oggend het u diens gedoen in Tumahole woongebied by Parys? -- Dit is reg.

Ongeveer 09h00 wat het u daar aangetref? -- Ons het 'n optog aangetref wat besig was om deur die strate van Tumahole Swartwoonbuurt te beweeg.

Hoe groot was die optog? -- Die optog was min of meer so vyfhonderd Swartjeugdige gewees. Soos die optog voortbeweeg het, het ander Swartes by die optog aangesluit tot dit ongeveer so duisend persone was. (30)

... / HOF

HOF : Van waar na waar het die optog beweeg? -- Dit was twee jaar terug gewees. Ek weet nie wat die roete was nie.

MNR. HANEKOM : Het van die mense in die optog baniere vertoon? -- Dit is reg.

Kon u lees wat op van die baniere staan? -- Ek het daarin geslaag om net een af te skryf op 'n sigaretdosie wat ek op daardie oomblik by my gehad het.

Het u nou die sigaretdosie voor u in die getuiebanc? -- Ek het dit nou hier voor die Hof.

Wat was die bewoording? -- Die bewoording was "Coun- (10)  
cillors are useless, so are the participants."

Is dit al wat u afgeskryf het? -- Dit is al wat ek kon gesien het.

Terwyl die mense geloop het, het hulle stil geloop of het hulle gesing? -- Terwyl die optog voortbeweeg het, het hulle gesing. Dit was in 'n Swarttaal gewees en ek kon nie verstaan wat hulle gesing het nie.

Het die onluste-eenheid van die polisie op die toneel gekom? -- Ja, die reaksie-eenheid van die polisie het toe op die toneel gekom. (20)

HOF : Is daar 'n verskil tussen die onluste-eenheid en die reaksie-eenheid? -- Nee, dit is maar dieselfde.

MNR. HANEKOM : Wat het toe gebeur? -- In die nuwe Swartwoonbuurt gedeelte van Tumahole en Swartwoonbuurt Parys, het die reaksie-eenheid die optog tot stilstand gedwing.

Wat het verder gebeur? -- Adjudant-offisier Venter het hulle toe deur middel van 'n luidspreker meegedeel dat dit 'n onwettige byeenkoms is en dat indien hulle nie binne dertig minute sou uiteen gaan nie, sou hulle gearresteer word.

Wat het toe gebeur? -- Ek wil net sê dat die boodskap (30)  
is deur middel van 'n tolk aan die optoggers gestel.

... / HOF

HOF : Met 'n luidspreker? -- Deur middel van 'n luidspreker.

MNR. HANEKOM : Het die skare uiteen gegaan of nie? -- Ja, die skare het ongeveer vyftien minute later vreedsaam uiteen gegaan.

Wat het later dieselfde dag in die woongebied gebeur? -- Nadat hulle daar uitmekaar uit is, het 'n groep by die biersaal weer saangedrom.

Hoe ver is die biersaal van die punt waar die skare uiteen is? -- Laat ek dit so stel, dit is nie binne sigafstand nie.

Ja? -- Toe die polisie hulle genader het om weer 'n (10) verdere waarskuwing aan hulle te rig, het hulle die polisievoertuie met klippe begin gooi. Die polisie het gebruik gemaak van traangas om hulle uiteen te jaag. Nadat die polisie hulle met traangas uiteen gejaag het, het hulle weer kleiner groepies gevorm en onrus het deur die hele Swartwoonbuurt versprei.

Is daar die dag geboue beskadig? -- Daarna het van hierdie groepe besigheidssentrums met klippe bestook, winkelvensters is stukkend gegooi en daar is ook padversperrings in die strate gepak. Die padversperrings was vullisdromme, groot klippe en brandende motorkarbande. (20)

Is enige geboue aan die brand gestee? -- Daarna het hulle die winkel van Gemeenskapsraadslid Hlalele aan die brand gestee. Hulle het ook raadslid Hlalele se slaghuis se vensters stukkend gegooi en die inhoud geplunder. Gedurende die onrus wat omstreeks tot 16h00 geduur het, is daar onder andere vyf polisievoertuie beskadig as gevolg van klipgooiery, vyf winkels is beskadig en vier lede van die Mag is lig beseer deur klippe.

Het kaptein Vorster later beheer daar oorgeneem? -- Ja, hy het beheer geneem.

Dieselfde dag, die aand, was daar padblokkades deur die (30) polisie by die ingange na die woongebied Tumahole? -- Dit is

... / korrek

korrek.

Ongeveer 20h00 is u na so 'n padblokkade ontbied? -- Dit is korrek.

Wat het u daar aangetref? -- Met my aankoms by die polisie-padblokkade wat onder bevel was van kaptein Moorkroft, het ek 'n rooi Corolla sedan motorvoertuig in die padblokkade gevind. Die voertuig was bestuur deur mnr. Terror Lekota.

HOF : Kan hy het opstaan, asseblief. Is dit beskuldigde nr. 20? -- Dit is reg. Daar was ook 'n passasier by hom gewees. Dit was mnr. Alfred Kganare. (10)

MNR. HANEKOM : Het u geweet wat die persoon Alfred Kganare gedoen het? Wat se werk hy gedoen het? Het u dit vasgestel later? -- Ek het vasgestel later dat hy verbonde was aan die organisasie UDF.

Waaraan? -- Aan die organisasie United Democratic Front.

Kon u bepaal in watter hoedanigheid? -- Hy was die publisiteitssekretaris.

HOF : Praat u nou van mnr. Lekota of van Kganare? -- Mnr. Lekota.

MNR. HANEKOM : En mnr. Kganare? -- Uit die dokumente wat (20) hy by hom gehad het, het ek vasgestel dat hy aan een of ander vakbonde verbonde was, dit was die Commercial Catering and Allied Workers Union of South Africa, maar laat ek dit so stel, ek het hom daardie aand vir die eerste keer gesien. Ek het hom nog nie vantevore gesien nie en ek het nie geweet dat hy aan CCAWUSA verbonde was nie.

HOF : Was die voertuig op pad in of op pad uit? Het julle blokkades opgerig om mense te keer om in te kom of om mense te keer om uit te gaan? -- Dit was - die padblokkade het 'n tweërlei doel gehad. Die oomblik toe ek by die padblokkade(30) aangekom het, kon ek nie sê of hy ingegaan het of uitgekom het

.../ nie

nie.

MNR. HANEKOM : Het u die voertuig deursoek? -- Ja, ek het die voertuig deursoek. Ek het 'n aantal dokumente in die voertuig gevind.

Kon u bepaal watter dokumente aan mnr. Kganare behoort het en watter aan beskuldigde nr. 20 behoort het? -- Ja. Die dokumente van Swartman Kganare het hy vir my gesê dit is sy dokumente.

En ander dokumente in die voertuig? -- Ander dokumente wat in die voertuig gevind is, het aan mnr. Terror Lekota (10) behoort.

Het hy dit erken of ontken? -- Hy het erken dit is sy dokumente.

Het u 'n inventaris opgestel van al die dokumente wat u daar aangetref het van beskuldigde nr. 20? -- Dit is korrek.

Om dit net duidelik te stel, u het met die inventaris daar begin en op 'n later stadium is julle na die polisiestatie waar u die inventaris voltooi het. Is dit korrek? -- Ja, dit is korrek. Ek kan net verduidelik, ek het later hulp ontbied om my te help met die opstel van die inventaris. Die dokumente (20) wat Swartman Kganare by hom gehad het, het vir my ooglopend soos stoporders gelyk en was omtrent honderd in getal. Swartman Kganare het daarop aangedring dat die dokumente afsonderlik op die inventaris gemeld word en toe het ek gesien dit gaan vir my baie lank neem om hierdie inventaris op te stel, toe het ek hulp ontbied, waarna adjudant De Wit van die Veiligheidstak en sersant Gouws van die Veiligheidstak toe na die toneel toe gekom het. Sersant Gouws het toe die inventaris opgestel van mnr. Kganare se dokumente. Adjudant-offisier De Wet het toe vir mnr. Lekota gevra wat het hy in die Swartwoonbuurt gemaak.(30)

HOF : Dit is nou in Tumahole? -- Ja. Mnr. Lekota het toe vir

... / hom

hom gesê dat hy sy vriend Vuzile Dabi opgesoek het.

MNR. HANEKOM : Het u so 'n persoon geken, uself, Vuzile Dabi?  
-- So 'n persoon is aan my bekend. Hy is lid van die Tumahole Students Organisation. Adjudant-offisier De Wit het my toe eenkant toe geroep. Hy het toe vir my gesê hy gaan 'n bietjie ondersoek instel na die bewerings van Swartman Lekota dat hy in die Swartwoonbuurt was spesifiek met die doel om sy vriend te gaan opsoek. Adjudant-offisier De Wit is toe daar weg en ek het verder aangegaan met die opstel van die inventaris van die dokumente wat by mnr. Lekota gevind is. Terwyl ek besig(10) was om die dokumente uit te skryf, het mnr. Lekota vir my gevra of ons nie na die polisiestasie toe kan gaan om die dokumente daar te gaan bestudeer nie, want hy wou van die dokumente wat ek op die inventaris geskryf het terug hê. Ek het op daardie stadium sy versoek geweier, aangesien sersant Gouws op daardie stadium nog steeds besig was met die inventaris van mnr. Kganare se dokumente. Omstreeks 22h15 het adjudant-offisier De Wit teruggekome. Hy het my weer eenkant geroep en my meegedeel dat mnr. Dabi nie by die huis was nie. Sersant Gouws was op daardie stadium klaar met die opstel (20) van die inventaris van die dokumente wat by Swartman Kganare gevind is en ek het toe besluit om aan mnr. Lekota se versoek te voldoen. Ek het toe vir mnr. Lekota gesê ons kan nou polisiestasie toe gaan en hy het met sy eie voertuig na die polisiestasie toe gery. Ons het daarna ook in ons voertuie geklim en na die polisiestasie toe gery.

Het u toe by die polisiestasie al die dokumente op inventarisse neergeskryf? -- Ja. Daarna het sersant Gouws die inventaris by my oorgeneem en dit verder opgestel vanaf die dokumente wat by Swartman Lekota gevind is wat nog nie op (30) die inventaris aangebring was nie, want ek het toe in die SB se

... / kantoor



kantoor gaan sit en weer die dokumente bestudeer wat ek reeds op die inventaris geplaas het.

HOF : By wie se kantoor? -- In die stasiebevelvoerder se kantoor gaan sit. Nadat sersant Gouws klaar was met die opstel van die inventaris, het adjudant De Wit vir mnr. Lekota na die stasiebevelvoerder se kantoor ontbied en hy het hom uitgevra oor sy bewegings die betrokke aand.

MNR. HANEKOM : Was dit in u teenwoordigheid? -- Ja, dit was in my teenwoordigheid, maar ek het nie baie aandag aan die gesprek geskenk nie. Ek was besig met die dokumente gewees. (10)  
So, ek kan nie meer onthou hoe die gesprek verloop het nie. Ek het toe tot die beslissing gekom dat dit in elk geval vir my ure sou neem om 'n beslissing te maak oor die dokumente, of ek dit sal moet teruggee of nie en ek het toe besluit om nie die dokumente aan hom terug te gee nie. Daar was ook nie tyd op daardie stadium nie, want die onrus in die Swartwoudbuurt het al ons aandag geverg.

Ek toon nou aan u 'n pakkie dokumente. Is dit van die oorspronklike dokumente waarop u beslag gelê het, nie almal nie, maar sommige van hulle? -- Dit is reg. (20)

Het u voor op die pakkie 'n lys gemaak van die dokumente wat in hierdie pakkie vervat is? -- Dit is reg.

HOF : Dit is nou dokumente wat in besit was van beskuldigde nr. 20? -- Dit is reg.

MNR. HANEKOM : U Edele, net ter verduideliking. Op die eerste bladsy van hierdie lys, begin met A(2) en dan Z(2). Ek sal dit nou-nou opklaar. Ek wil eers na die tweede bladsy verwys, van item 7 af. Die itemnommers wat u gegee het van 1 tot 18, dit is die agtien dokumente waarvan ons nou praat? -- Dit is korrek. (30)

Dan van item 7 af het ek gemerk AAX (1).

... / HOF

HOF : En die ander bewysstuknommers? Is al wat bestaande bewysstukke is?

MNR. HANEKOM : Ja. Ek sal dit nou vir die getuie gee om ook te identifiseer, maar dit is wat reeds in die albums voorkom.

HOF : Wat ingebind is?

MNR. HANEKOM : Dit is reg. Dit is nie die oorspronklikes waarvan daardie afdrucke gemaak is nie, maar dit is soortgelyke dokumente.

HOF : Wel, laat ons maar eers die ding stap-vir-stap neem.

Wat sê u nou vir die getuie? (10)

MNR. HANEKOM : Ek sê vir die getuie van item 7 af het u die dokumente gemerk AAX(1) tot by item 18 wat AAX(12) is? -- Dit is korrek.

Dan die heel regterkantste kolom onder die opskrif "Kwintansienommer", verwys dit na die nommer op die inventaris wat u die aand opgestel het? -- Dit is korrek.

HOF : Moet ons nie na die dokumente eers kyk nie? Gaan u die dokumente inhandig?

MNR. HANEKOM : Ja. Ek het gedink, ek is seker verkeerd, ek probeer, maar ek het gedink dit gaan nie nou ter sprake kom (20) nie, eers miskien later op die stadium van kruisverhoor. Ek het gedink dit sal geweldig tyd in beslag neem ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ja, dit sal, maar ons wil net 'n bietjie kyk na wat die soort dokumente is wat u nou inhandig. Dit is darem twaalf dokumente wat u nou inhandig. Ek het hier 'n AAX(1) en dan net na AAX(1) het ek weer 'n AAX(1). -- Dit was twee pamflette van dieselfde soort.

Maar daar was twee pamflette? -- Ja, daar was twee pamflette. (30)

MNR. HANEKOM : AAX(2) is 'n handgeskrewe dokument. AAX(3) is

... / skynbaar

skynbaar 'n fotostatiese afdruk uit 'n publikasie. Is dit hoe u dit aangetref het? -- Dit is so.

AAX(4) is 'n brief gedateer 7 Oktober 1983 wat gerig is aan "The Secretary, Feasibility Committee, Johannesburg."

HOF : Geskryf deur beskuldigde nr. 20.

MNR. HANEKOM : Beskuldigde nr. 20.

HOF : Dit is blykbaar 'n afskrif. Dit is nie onderteken nie.

MNR. HANEKOM : AAX(5) is 'n brief van die United Democratic Front gedateer 21 November 1983 wat gerig is aan die USA Ambassador, Johannesburg. -- Dit is reg. (10)

HOF : Is dit die oorspronklike wat u daar het of is dit 'n kopie wat onderteken is, want dit wil vir my voorkom asof hy onderteken is? -- Hierdie is 'n kopie.

Wat ondergeteken is? -- Wat onderteken is.

MNR. HANEKOM : AAX(6) is 'n brief van die United Democratic Front, Transvaal wat gerig is aan "Dear Friends" met betrekking tot 'n "meeting of UDF general council." Is dit ook 'n fotostatiese afskrif? -- Ja, dit is ook 'n fotostatiese afdruk.

Wat onderteken is deur die sekretaris M. Valli? -- Dit is reg. (20)

Dan AAX(7) is 'n dokument met die titel "Recommendations for UDF publicity." -- Ja, dit is korrek. Hierdie is 'n afskrif wat deur kopieerpapier verkry is. Dit is 'n tikskrif ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Deurslag koolafskrif? -- Dit is reg.

MNR. HANEKOM : AAX(8) is weer 'n fotostatiese afdruk skynbaar uit 'n publikasie.

HOF : Is dit by u ook 'n afdruk, nie die oorspronklike nie? -- Ja, dit is ook 'n afdruk.

Maar bo-op myne staan geskryf "South African Labour (30) bulletin". Is dit by u geskryf of is dit by u gekopieer? --

... / By

By my is dit in blou balpunte geskryf.

MNR. HANEKOM : AA(9) lyk na 'n persverklaring met die opskrif "Newspapers"? -- Dit is korrek. Dit is ook 'n fotostatiese afdruk.

HOF : Nee, dit is nie 'n persverklaring nie. Dit is 'n opsomming van iets wat in die koerante staan, as 'n mens na die aanhangsels kyk met 'n hele aantal dokumente daarby aangeheg? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : AA(10) is 'n enkel dokument met opskrif "Functions and duties of the secretary general and publicity(10) secretary." --Dit lyk ook na 'n afdruk, maar daar is aantekeninge met 'n blou balpunte.

HOF : Die aantekeninge is op die oorspronklike in oorspronklike ink geskryf? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : AA(11) is weer 'n handgeskrewe stuk met die opskrif "Oppose the constitution." Is dit by u 'n afdruk of is dit 'n oorspronklik geskrewe stuk? -- Nee, hier is dit 'n oorspronklike geskrif wat met blou balpunte geskryf is.

Dan AA(12) is 'n dokument "Declaration of United Democratic Front". Ons het dit as twee bladsye. Het u dit as een vel (20) wat alskante gedruk is? -- Ja, dit is twee bladsye. Een blaai met twee bladsye.

Dan gee ek aan u nog 'n pakkie dokumente wat u op die lys gemerk het items 1 tot 6. -- Ek het dit ontvang.

U Edele, van hierdie ses dokumente het ek nie afskrifte gemaak nie, omdat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net om dit duidelik te maak. U verwys na 'n lys, maar is die lys ook veronderstel om voor die Hof te wees?

MNR. HANEKOM : Ja.

HOF : Nou waarom het die lys dan nie 'n nommer nie? (30)

MNR. HANEKOM : Dan kan ons die lys net AA maak.

... / HOF

HOF : AAX is dan die lys wat as opskrif dra "Bewysstukke" met agtien items daarop.

MNR. HANEKOM : Van hierdie ses dokumente het ek nie afskrifte gemaak nie, omdat ons reeds afskrifte daarvan het.

HOF : U moet dit maar ophandig een vir een sodat ons dit kan identifiseer.

MNR. HANEKOM : Sal u begin met die dokument item 1 wat ons aandui as BEWYSSTUK A(2)? Wat se dokument is dit? -- Hier heel aan die voorkant van die dokument staan "United Democratic Front". Net onder aan staan "Resolutions". Dit lyk ook (10) na 'n fotokopie.

HOF : Is A(2) 'n dokument wat erken is?

MNR. HANEKOM : Hy is erken.

HOF : Hier is geen nota dat hy erken is nie. Hy is nie erken nie. Basies kan 'n mens A(2) gebruik, maar op die kopie is daar notas wat nie op die oorspronklike is wat u aan my nou gee nie. A(2) het dertien besluite en hierdie een het twaalf besluite. Nee, tog dertien, maar die volgorde is verkeerd. Ons kan dit op hierdie manier doen deur eenvoudig hierdie A(2) te neem as kopie en hierdie een in te neem as die (20) oorspronklike en in gedagte te hou dat daar geen aantekeninge op die oorspronklike is nie. Dan hoef u nie afskrifte te maak nie.

MNR. HANEKOM : Die tweede dokument wat ons gemerk het Z(2), wat se dokument is dit? -- Dit is ook 'n fotokopie. Heel bo-aan staan "Preliminary report on the effect of the state of crisis on labour in the East London area."

Uit hoeveel bladsy bestaan die dokument? -- Hy bestaan uit twaalf blaaie.

Die derde dokument? -- Die derde dokument is blykbaar (30) ook 'n fotostatiese afdruk. Op die eerste blad staan "Speech

... / delivered

delivered by Bret Murdol 29 September 1983 at NUSAS ECT  
mass meeting students reject the Apartheid constitution."

HOF : Is dit AD(18)? -- Dit is AD(18).

MNR. HANEKOM : Uit hoeveel bladsye bestaan die dokument? --  
Hy bestaan uit drie.

HOF : Z(2) is 'n dokument wat erken is.

K326

MNR. HANEKOM : Ja. U Edele, in die afskrif is dit die tweede  
bladsy van AD(18) wat gemerk is AD(18)(1).

HOF : Met ander woorde AD(18), die "Draft statement on  
consensus Bret Murdol" is nie deel van die dokument wat (10)  
hierdie getuie het nie?

MNR. HANEKOM : Nee.

HOF : AD(18) is in elk geval erken, maar is dit dan verder  
die hele AD(18) behalwe die eerste bladsy wat die getuie in-  
handig?

MNR. HANEKOM : Behalwe die eerste bladsy en die laaste bladsy  
ook.

HOF : Die laaste bladsy is dit die bladsy wat "Vigil, vigil,  
vigil" ensovoorts bo op het met 'n man met 'n geweer wat mik -  
'n prentjie eintlik van die Weermag. (20)

MNR. HANEKOM : Dit is korrek.

HOF : Is hy nie daarby nie?

MNR. HANEKOM : Hy is nie daarby nie. Die vierde dokument  
verwys na drie ander dokumente. Dit is C(120), AM(1) en K(2).  
-- Op die voorkant van die dokument staan "United Democratic  
Front, Transvaal. Program of action for September, October,  
November 1983."

Uit hoeveel bladsye bestaan hierdie dokument? -- Hy bestaan  
uit drie uit.

Dan item nr. 5, watter dokument is dit? -- AJ(16). (30)

Uit hoeveel bladsye bestaan dit? -- Hy bestaan uit twee

... / bladsye

bladsy en die opskrif is "Joint statement issued by United Democratic Front for SATU, SAAWU, CVGWU, CAVU, CAVUSA, SCWU, JOSTA, SACU, SALTCO, CUSA and Detainees Support Committee." Daar is ook aantekening gemaak met blou balpunte op die dokument.

Dan toon ek nog 'n dokument aan u. Het u hierdie dokument saam met AJ(16) gekry by die beskuldigde se stukke? -- Ja, dit is korrek. Dit is 'n oorspronklike teleks.

Dit is in die vorm van 'n teleks? -- In die vorm van 'n teleks. Dit lyk soos 'n oorspronklike een. (10)

Ek sal vra dat ons hom nommer AJ(16)(2). -- Dit bevat dieselfde inhoud as die vorige dokument wat ek ingehandig het.

Tot so ongeveer drie-kwart van die bladsy? -- Ja.

En dan onder aan die druktelegraaf is 'n stukkie wat onder die opskrif is "Additional statement"? -- Ja. Dit lyk of die dokument wat ek voor dit ingehandig het, opgestel is uit hierdie dokument. Ek sê, dit lyk net so.

Dan die laaste dokument, item 6? -- Dit lyk ook soos 'n fotokopie. Die opskrif is "Statement on the detention of our public secretary (Terror Lekota)" gedateer 2 October 1983. (20)

Dit is AJ(22). -- AJ(22).

Die dokument wat u voor u het, lyk of dit onder aan die verklaring 'n handtekening het, dit lyk na Molefe of is daar geen handtekening op nie? -- Hier is geen handtekening onder aan die dokument nie.

HOF : Ons maak dan 'n nota - kyk 'n bietjie na die datum. Wat is die datum op u dokument daar? -- Hier staan oorspronklik 2 Oktober 1983. Toe is die Oktober doodgetrek en daar is November geskryf.

Wat staan daar? Is dit nou 2 November? -- Ja, die Ok- (30)  
tober is doodgetrek en dan staan daar November.

... / Dus

Dus ons afskrif is nie dieselfde nie in twee opsigte. Daar is nie 'n handtekening onder nie en waar daar staan October staan daar November op die oorspronklike. Is daar enige ander geskrif op behalwe dit wat getik is? -- Ja, hier staan nog 'n datum 24/10/83.

Waar is dit geskryf? -- Dit is geskryf net langs die datum.

Heel bo-aan? -- Heel bo-aan.

Ja, ons dokument lyk ook nie soos u dokument nie, want ons dokument is op die briefhoof van die UDF, terwyl u (10) dokument sonder briefhoof is. -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : Net volledigheidshalwe, die ander dokumente wat u die aand op beslag gelê het van beskuldigde nr. 20, wat ons nie nou voor die Hof geplaas het nie, is dit nog in u besit? -- Dit is nog in my besit. Ek kan net verder aangaan daarmee, dat die dokumente was by die stasiebevelvoerder van Parys gewees, want hulle het blykbaar 'n navraag gekry dat die dokumente moet teruggehandig word. Die dokumente is nooit gaan afhaal nie.

HOF : Tot wanneer was dit by die stasiebevelvoerder? -- (20) Dit was ongeveer daar gewees tot 24 Mei 1986.

MNR. HANEKOM : Het u dit toe daar gaan afhaal en van toe af tot nou in u besit gehou? -- Dit is reg. Ek het natuurlik nie persoonlik daar gaan haal nie, maar ek het iemand gestuur om dit vir my daar te gaan haal.

U Edele, ek wil net op rekord plaas dat die ander dokumente wat ons nou nie voor die Hof geplaas het nie, is nie voor die Hof geplaas nie, omdat ons van oordeel is dit is nie relevant nie. Dit is die enigste rede waarom dit nie gedoen is nie. (30)

... / MNR. BIZOS



MNR. BIZOS DEEL HOF MEE DAT HY NIE IN 'N POSISIE IS OM TE  
KRUISVRA NIE EN VRA VIR UITSTEL VAN DIE SAAK.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 9 JUNIE 1986.